

17 November 2019



Geloof deur liefde tot daad

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | www.facebook.com/pehoogland



Lukas 10:25-37
08:30 @ Hoogland
barmHARTigheid



'n Ster vir Kersfees...
Kersspel en -sangdiens

17 November | 18:30 @ Hoogland

Program vir die dag

08:30 Oggenddiens: Ds Pieter Nel

Deurkollekte: CMR (Christelike Maatskaplik Raad)

Gebedsgeleentheid: na die diens in die moederskamer. Almal is welkom.

Koffie: direk *na die oggenddiens* in die Voorhuis.

18:30 KERSSPEL– EN SANGDIENS
'n Ster vir Kersfees ...

Min dae nou Matrieks!
CJ Langenhoven het gesê-
Laat ons die swaar kry met

Program vir die week

Maandag: 18 November

19:00 Ondersteuningsdienste

Dinsdag: 19 November

18:30 Basaar- & fondsinsamelings-
gespreksgeleentheid

Woensdag: 20 November

10:00 Dankie-sê oggend

18:45 Dissipelskapreis

Donderdag: 21 November

10:30 Woord werkgroep

18:00 *Coffee Talks* - kuier by MTR Smit
Kinderoord Huis 5.

Vrydag: 22 November

05:30 Manne in geloof

(Interkerklike byeenkoms)

19: 00 Kerkraad Afsluiting

Basaar- & Fondsinsamelings – gespreksgeleentheid 19 November 18:30

ALLE Lidmate word uitgenooi om te kom saamgesels en saam te droom oor BASAAR 2020 en ander fondsinsamelings geleentheids!

RSVP by Leandra as jy wil kom saamgesels.

Verkieping van Kerkraadslede

Die volgende lidmate is as Kerkraadslede gekies en herkies.

Kerkraadslede verkies:

Ouderling : Ferdi Röhm

Kerkraadslede herkies:

Ouderlinge : Albrecht Herholdt, George Terblanche, Ilse vd Watt, Saretta Dawson

Diakens: Sandra Olivier, Reinette Strydom, Mouton van Eeden.



2020 Jaarprogramme

Die kantoor is besig met die finalisering van die 2020 jaarprogram. Hou gerus die vakkies dop. Dit sal binnekort beskikbaar wees.

Seisoen van Gee

Baie dankie vir die mildelike bydraes wat ontvang is vir die Dierewelsynsorganisasies. Hierdeur het Hoogland 'n merkwaardige verskil gemaak aan dié wat nie 'n stem het om te praat nie.

Onthou asseblief van die geskenkies/donasies vir

- Senior Lidmate
- Eluthandweni pasiënte
- Isithembiso baba tehuis

Alle geskenkies en/of donasies kan Sondae by Gemeentedienste gelaat word in die voorportaal of by die kerkkantoor afgegee word voor/op Dinsdag, 3 Desember sodat alles betyds uitgedeel word voor die kerkkantoor sluit.

Daar is 'n selgroep wat aangebied het om lidmate, met 'n spesifieke behoefte aan vervoer, na ons oggend eredienste te help met vervoer. Kontak gerus die kerkkantoor indien u 'n behoefte het aan vervoer Sondagoggende.

Anchor of Hope

- **Naaldwerkklasse** / hulp word Saterdagoggende by Anchor of Hope gemeente aangebied. Vroue is reeds besig met hul projekte. Vrywillige dames word gevra om twee keer per maand op 'n Saterdagoggend hand by te sit en raad te gee oor naaldwerk.
- Verder staan hulle ook studente by wat hul **matriekeksamens** wil voltooi. Onderwysers (enige vakgebied) word gevra of hulle hiermee behulpsaam kan wees. Tye word onderling gereël. Kontak kerkkantoor 041 585 3700 vir meer besonderhede of om jouself aan te meld.



Belydenisaflegging 2019

Die jongmense in hierdie foto, kry volgende Sondag, 24 November, geleentheid om hulle geloof in Jesus Christus te bely.

Uit die hart ...

John Wesley het oor barmhartigheid geskryf: *"Doen soveel goed as wat jy kan. Op soveel maniere as wat jy kan. Op soveel plekke as wat jy kan. Aan soveel mense as wat jy kan. So dikwels as wat jy kan. En so lank as wat jy kan."*

Dit het my aan die volgende storie laat dink:

'n Ouer egpaar se motor raak onklaar oor die feestyd op die N1. Hulle kan nie self die voertuig weer aan die gang kry nie. Noodligte aan, rooi driehoekie uitgesit en uitgelewer verwag hulle dat iemand sou stop om te help. Maar niemand stop nie. Later begin hulle die voertuie tel wat net verby ry: 100 voertuie. Toe hou hulle op met tel. Selfs nadat hulle in die pad begin staan het om motoriste aanduiding te gee dat hulle hulp nodig het, het niemand gestop nie.

Uiteindelik stop 'n man wat nie Afrikaans of Engels lekker verstaan nie, help hulle baie vinnig om die motor weer aan die gang te kry en gou is hulle reg om te vertrek. Toe die Oom die weldoener wil vergoed, weier hy die geld met 'n groot glimlag, klim in sy stukkende voertuig en ry verder.

Terug in die motor neem die oom en tannie 'n oomblik om te dink oor wat pas gebeur het. Die tannie merk op: "Ons sal hom seker nooit kan betaal vir wat hy gedoen het nie." Die oom het so rukkig gesit en geantwoord: "Ons kan. Ons moet maar net weer dieselfde vir iemand anders doen".

"Geseënd is die wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word". (Matteus 5:7)